DEELWOORDE

'n Deelwoord is 'n woord wat gedeeltelik 'n werkwoord en gedeeltelik 'n ander woordsoort is, byvoorbeeld 'n selfstandige of byvoeglike naamwoord, 'n bywoord of 'n ander werkwoord.

Daar is twee soorte deelwoorde:

TEENWOORDIGE DEELWOORD

- Teenwoordige deelwoorde word gevorm deur **-de** of **-end(e)** agteraan die werkwoord te voeg.
- Slegs die werkwoorde **doen, gaan, sien, slaan, staan** (en hulle afleidings) kry **-de**, byvoorbeeld:

  Hy het hard gewerk en sodoende goeie punte behaal.

- Behalwe vir 'n paar uitsonderings, kry alle ander werkwoorde **-end(e)** (**-ende** voor die s.nw. **-end** na die s.nw.), byvoorbeeld:

  Die dansende ballerina fassineer my.
  My ouers is baie ondersteunend.

- Uitsonderings:

versag	=	*versagtende omstandighede*
liefhê	=	*liefhebbende moeder*
sê	=	*veelseggende glimlag*
vertroos	=	*vertroostende drukkie*

VERLEDE DEELWOORDE

- Swak verlede deelwoorde word letterlik gebruik, byvoorbeeld **'n gebreekte been** terwyl sterk verlede deelwoorde figuurlik gebruik word, byvoorbeeld **'n gebroke hart**.
- Swak verlede deelwoorde: **-de** of **-te** word agteraan die werkwoord gevoeg, byvoorbeeld:

  'n getroude paartjie
  'n gestrykte hemp

- Sterk verlede deelwoorde eindig altyd met 'n **-e**, byvoorbeeld:

'n ryke verbeelding	(teenoor ryk mense)
'n donkere toekoms	(teenoor 'n donker kamer)